# 30 Dae Ramadan Gebed

## Dag 1 op Maandag 1 September 2008

**Lees: Psalm 1:**[1] Welgeluksalig is die man wat nie ***wandel*** in die raad van die goddelose en nie *staan* op die weg van die sondaars en nie ***sit*** in die kring van die spotters nie; [2] maar sy behae is in die wet van die HERE, en hy oordink sy wet dag en nag. [3] En hy sal wees soos 'n boom wat geplant is by waterstrome, wat sy vrugte gee op sy tyd en waarvan die blare nie verwelk nie; en alles wat hy doen, voer hy voorspoedig uit. [4] So is die goddelose mense nie, maar soos kaf wat die wind verstrooi. [5] Daarom sal die goddelose nie bestaan in die oordeel en die sondaars in die vergadering van die regverdiges nie. [6] Want die HERE ken die weg van die regverdiges, maar die weg van die goddelose sal vergaan.

**Bepeinsing**

Gewoonlik dink ons aan 'n gelowige mens as iemand wat van alles seker is. As iemand wat veral omtrent God sekerheid het. Hy is iemand wat die lewe verstaan en kan verklaar, iemand wat nooit twyfel oor die verloop van omstandighede nie. As iemand wat altyd blymoedig is en altyd glimlag omdat hy seker is.

Psalm 1 vertel van die weg van die vrome. Dit gaan nie net oor twee weë nie. Die weg van die goddelose is hier maar net die swart agtergrond waarteen die weg van die vrome uitgebeeld word. Negatief gesien, so sê die Psalm, is ongeloof gelyk aan agteruitgang: wandel word staan, staan word sit en uiteindelik word hy soos kaf weggewaai. Maar só is die vrome nie. Hy gaan vooruit: Hy is soos 'n boom by 'n waterstroom wat floreer en vrugte dra. Sovêr klop die beeld nog met wat ons normaalweg glo. Maar is hierdie vrome seker van alles? Weet hy regtig alles van God af? Dit lyk nie so nie. Want waarom anders sou hy *dag en nag* loop en peins? Waarom sou hy die *Wet van God* oordink? Is dit nie omdat hy *nie* alles weet nie? Is dit nie omdat hy *nie* alles verstaan nie? Is dit nie omdat hy *nie* voetstoots berus nie?

Die vrome is 'n soeker en 'n vraer. Hy vra omdat hy weet dat daar 'n antwoord moet wees. Hy vra omdat hy 'n adres vir sy vrae het. God neem hom dit nie kwalik nie. God ken die weg van die regverdige. Hy erken die manier van doen. Ons kan die maand gerus maar op die manier vroom wees. Só word ons miskien ook bome wat vrugte gee op hulle tyd.

**Dag 1: Moslemvroue se leë drome**

PROKLAMASIE: Jesus is Here van almal (Hand. 10:36)

In Tadjikistan is die gemiddelde jaarlikse inkomste in die omgewing van 250 euro per persoon. Daar is slegs sewe miljoen mense in Tadjikistan, van wie een miljoen in Rusland werk. Baie mans trou met meer as een vrou. Vroue en kinders is in die meerderheid. Die vroue bly in die dorpies te midde van spanning tussen ou tradisies, ateïsme en 'n nuwe vlaag van radikale Islam. Daar is min Gelowiges in Tadjikistan.

- Bid vir toenemend gesonde en Bybel-georiënteerde gesinne onder die volgelinge van Jesus in hierdie nasie.
- Bid dat die vele Tadjikse mans in die buurlande met die Goeie Nuus bereik sal word.

## Dag 2 op Dinsdag 2 September 2008

**Lees Psalm 8** Vir die koorleier: met musiek. ’n Psalm van Dawid. [2]Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde, hoe glansryk alles wat U in die hemelruim geplaas het! [3]Kinders en suigelinge besing die magtige werk wat U tot stand gebring het. So word u teëstanders, die vyande en wraakgieriges, tot swye gebring. [4]As ek u hemel aanskou, die werk van u vingers, die maan en die sterre waaraan U ’n plek gegee het, [5]wat is die mens dan dat U aan hom dink, die mensekind dat U na hom omsien? [6]U het hom net ’n bietjie minder as ’n hemelse wese gemaak en hom met aansien en eer gekroon, [7]U laat hom heers oor die werk van u hande, U het alles aan hom onderwerp: [8]skape en beeste, alles; selfs die diere in die veld, [9]die voëls in die lug, en die visse in die see wat die oseane deurkruis. [10]Here, ons Here, hoe wonderbaar is u Naam oor die hele aarde!

**Verwondering**

'n Mens verloor so maklik die sintuig vir gebed. Dis seker ook nie snaaks nie. Alles wat altyd op dieselfde manier en op dieselfde patroon geskied, word vervelig en verloor sy opwinding. En as ons die opwinding van die gebed .verloor het, verdink ons die gebed self daarvan dat dit sinloos is.

In Psalm 8 sprankel die gebed. Die digter is nie bang vir die woelinge in die wereld nie. Hy dink daaraan in terme van God. En vergeleke by God is die magtiges van die wêreld soos kinders en suigelinge. As dit hom dalk benoud sou maak, stap hy na buite en kyk na die sterre. Die maan en die sterre is die werk van die vingers van God. As hy daaroor nadink, sien hy homself in 'n beter perspektief: Here, as U só groot is, wat is ek dan? Waarom sou U aan my dink? Waarom sou U Uself hoegenaamd bemoei met die mense en hul geknoei? En tog, as hy verder dink, het God aan die mens 'n groot speelruimte gegee. In die skepping staan die mens byna gelyk met die hemelse wesens. Alles op aarde is onder sy voete ... 0 Here, onse Here, hoe heerlik is u Naam op die hele aarde!

Miskien kan ons ook iets van die verwondering meemaak as ons gebed nie net sien as kniel langs die bed nie. As ons gebed ook sien as nadenke. As ek 'n keer na die sterre kyk of na 'n roos of 'n mier, keer die gebed terug. Al is dit woordeloos. Net die verwondering oor die werk van die vingers van God is reeds gebed. En dit kan jy heeldag en elke dag beleef.

**Dag 2: Saoedi-Arabiese stamme: Die Sjahran**

PROKLAMASIE: Die Here God Almagtig regeer (Openb. 19:6)

Die Sjahran-stam het 'n geskatte 250 000 lede en is een van die grootste stamme in Arabië. Khamis Mushayt is die agtste grootste stad in Saoedi-Arabië met 'n bevolking van ongeveer 630 000. Daar is op die oomblik baie min, indien enige, volgelinge van Jesus in hierdie stam.

• Bid vir geleenthede dat lede van die Sjahran die evangelie sal hoor deur middel van die radio, die Internet en moontlike satelliet-uitsendings terwyl hulle oorsee reis.

• Die meerderheid van hierdie stam is basies afgesny van enige noemenswaardige toegang tot die evangelie. Dit is onwettig om die evangelie in Saoedi-Arabië te verkondig. Baie Christelike internetplekke is geblokkeer en baie min van Jesus se volgelinge reis of woon ooit in Khamis Mushayt en die omliggende gebied.

## Dag 3 op Woensdag 3 September 2008

**Lees Psalm 13** Vir die koorleier. 'n Psalm van Dawid. [2]Hoe lank gaan U my nog bly vergeet, Here? Vir altyd? Hoe lank gaan U nog van my af weg kyk? [3]Hoe lank moet ek nog my eie planne maak en my dae met kommer deurbring? Hoe lank sal die vyand my nog oorheers? [4]Luister tog en antwoord my, Here my God! Gee my tog nuwe lewenskrag. Ek wil nie sterwe nie, [5]anders sê my vyand hy het my oorwin en juig my verdrukkers oor my ondergang. [6]Ek hou vas aan u troue liefde, oor die uitkoms wat U gee, juig my hart. Ek wil sing tot eer van die Here, omdat Hy aan my goed gedoen het.

**Met God knibbel**

Ons kla soms dat ons kontak verloor het met God. Ons beskuldig God somtyds in die geheim of in die openbaar dat Hy onregverdig is. Of dat Hy nie Liefde is nie. Ons skinder as't ware oor God agter sy rug. En dan voel ons baie ingenome dat ons met God afgereken het. Of ons voel oneindig skuldig oor ons gedagtes. Soms verdink ons onsself van "sonde teen die Heilige Gees". Ag, wat is ons beeld van die Vader nie verwronge nie? 'n Mens skinder van 'n ander as jy nie kans sien om dit reguit vir hom te se nie. Omdat jy bang is vir hom. Sou ons dan bang wees om vir God 'n keer reguit te sê dat Hy ons in die steek gelaat het? Dink ons dan regtig dat die Vader Hom sal vererg?

"Hoe lank, Here, gaan U my vergeet? Hoe lank sal ek nog my eie planne moet maak? Wat sal my vyande van U dink, Here?" Hier is 'n man wat 'n *Vader* het. Hier is iemand wat God regtig ken, wat selfs met God knibbel oor sy beeld op aarde tussen die mense.

Die geloof en vertroue van die digter is versterk na die "uitval" met God: "Ek hou vas aan u troue liefde." Hy kan glad weer sing! Miskien moet ons ook maar meer reguit wees met God en nie oor Hom skinder of agter sy rug vir Hom kwaad wees nie. Dalk keer die vertroue saam met die lied terug?

**Dag 3: Die Bakhtiari-mense van Iran**

PROKLAMASIE: Laat U Koninkryk kom, laat U wil geskied op aarde net soos in die hemel (Matt. 6:10)

Die Bakhtiari-mense se getalle lê tussen 750 000 en 1 000 000 en woon in die suid-weste van Iran. Die Bakhtiari is verdeel in stamme, substamme en familiegroepe. Ongeveer die helfte van die mense behou hulle tradisionele lewenstyl van herderskap vir mans en matte weef en tuisteskepping vir vroue. Die res is gevestig en betrokke by landbou en 'n verskeidenheid kommersiële bedrywighede. Daar is ongeveer 350 000 Bakthiari-sprekendes wat net een taal praat, van wie die meeste Moslems is. Dit is bemoedigend om te weet dat die getal Gelowiges in Iran oor die laaste 30 jaar toegeneem het van minder as 300 tot tussen 800 000 en een miljoen.

- Bid tot God om die harte van die Bakhtiari-mense teenoor die volgelinge van Jesus te versag sodat hulle ontvanklik sal wees vir die evangelie.
- Bid dat intersessors vir die Bakhtiari-mense na vore sal kom.
- Bid vir die ontwikkeling van geskikte bedieningsmateriaal en -middele in die Bakhtiari-taal insluitend Skrifvertalings, radio-uitsendings en die JESUS Film.

## Dag 4 op Donderdag 4 September 2008

**Lees Psalm22** Vir die koorleier: op die wysie van "Die wildsbok van die daeraad". 'n Psalm van Dawid. [2]My God, my God, waarom het U my verlaat en bly U ver as ek om hulp roep? [3]My God, ek roep bedags en U antwoord nie, ook snags, maar ek kry geen rus nie. [4]U is tog die Heilige wat woon waar die lofsange van Israel weerklink! [5]Op U het ons voorvaders vertrou. Hulle het vertrou en U het hulle gered. [6]Hulle het na U om hulp geroep en hulle is bevry; op U het hulle vertrou en hulle is nie beskaam nie. [7]Maar ek is 'n wurm, nie 'n mens nie. Ek word deur die mense bespot en deur die volk verag. [8]Almal wat my sien, spot my, hulle steek vir my tong uit en knik met voldoening die kop en sê: [9]"Laat dit aan die Here oor! Laat Hy hom red, laat Hy hom bevry as Hy dan so baie van hom hou." [10]U het my die eerste lewenslig laat sien, my veilig laat rus aan die bors van my moeder. [11]Van my geboorte af is ek onder u sorg, van die begin van my lewe af is U my God. [12]Moet tog nie so ver van my af weg bly nie, want die nood is naby en daar is niemand wat help nie. [13]'n Wreedaardige klomp mense het my omsingel, soos beeste uit Basan staan hulle my toe. [14]Soos verskeurende, brullende leeus storm hulle met oop bekke op my af. [15]Ek is soos uitgestorte water, al my bene het uitmekaar geval, my hart het soos was geword, dit smelt weg in my. [16]Ek is so min werd soos 'n potskerf, my tong kleef aan my verhemelte, U laat lê my asof ek dood is. [17]Soos honde omsingel hulle my, die bende misdadigers sak op my toe, hulle bind my hande en voete vas. [18]Al wat been in my is, kan ek tel; hulle kyk na my met leedvermaak. [19]Hulle verdeel my klere onder mekaar en trek lootjies oor my mantel. [20]En U, Here- moet tog nie so ver bly nie,
Bron van my krag, help my tog gou! [21]Red my van die swaard, my kosbare lewe uit die mag van die honde. [22]Red my uit die bek van die leeu en tussen die horings van die wilde beeste uit. U het my gebed verhoor! [23]Ek sal tot eer van u Naam getuig in die gemeente, U in die volle vergadering prys.

**God in die rede val**

Ps. 22: 1-23 Die Psalms moet 'n mens altyd lees as die uitinge van *mense.* Veral Psalm 22 moet 'n mens nie vergeestelik net omdat Jesus ook die Psalm aan die kruis aangehaal het nie. Inteendeel, die feit dat Jesus die Psalm aangehaal het, bevestig die feit dat die uitsprake God se goedkeuring wegdra. Soos in Psalm 13 is hierdie bidder ook besig om sy hart uit te praat voor God. Hy val God as't ware in die rede. "My God, my God, waarom het U my verlaat?" Hy vertel aan God dat hy nie vir sy geboorte verantwoordelik is nie: "U het my die eerste lewenslig laat sien" (22: 10). Hy meen dat God verander het. Wat sy ouers en voorouers oor God gesê het, klop nie met sy ervaring nie: "Op U het ons vaders vertrou ... en U het hulle uitgered ... maar ek ..." (22: 5-7). Vanweë sy geloof spot die mense met hom (22: 8-9). Asof God nie weet nie, lig hy Hom haarfyn in oor sy situasie (22: 12-19). En die relaas vorm die basis van sy aanspraak op God (22: 20-23).
As ons maar 'n keer sover kon kom om God in die rede te val, sou ons waarskynlik ook meer omtrent God geweet het. Dan sou ons God seker ook meer vertrou het as 'n *Vader.* 'n Vader met 'n oor. 'n Vader met medelye. 'n Vader met geduld. Dan sou ons moeite en ons bekommernis ook soveel meer draaglik gewees het. Dan sou ons senuweekwale seker ook verminder het. Sal ons nie vandag 'n keer ons hart uitpraat voor God nie?

**Dag 4: Spanje – Eeue lank onder Islam – vandag 'n moderne Europese staat**

PROKLAMASIE: Jesus is die lig vir die wêreld (Matt. 5:14)

'n Groot deel van Spanje was vir amper sewehonderd jaar onder Islamitiese heerskappy. Daar is ongeveer 800 000 Moslems in Spanje, van wie die meeste redelik onlangse Marokkaanse immigrante

is. Een van die grootste moskees in Europa, wat gebou is met finansiële hulp van Saoedi-Arabië, is in Madrid geleë. Alhoewel die Noord-Afrikaanse Moslems nou 'n beduidende minderheid in Spanje geword het, probeer min Spaanse Christene om Christus aktief aan hulle te verkondig.

- Bid vir groter wysheid, ywer en mobilisasie onder Spaanse Christene vir die bediening onder Moslems.
- Bid vir die verspreiding van evangeliese leesstof en DVD's in streke waar daar Moslems is.
- Bid vir radio- en TV-programme vir Noord-Afrika wat in Spanje vervaardig word.

HET JY GEWEET? In verband met Moslemvroue se kleredrag: Moslemgemeenskappe het tradisioneel hulle vroue aangemoedig om goed met klere bedek te wees, dikwels van kop tot tone. Oorspronklik was daar praktiese en fisiese redes vir sodanige kleredrag in 'n woestynomgewing. Maar vandag is die hoofrede vir hierdie kleredrag volgens die Islamitiese gemeenskap om seksuele versoekings vir mans te beperk. Mans se betreklike morele swakheid op seksuele gebied word ook aangevoer as rede waarom vroue tuis afgesonder word en waarom dit nodig is dat hulle in die openbaar deur iemand anders vergesel moet word.

## Dag 5 op Vrydag 5 September 2008

**Lees Psalm 23** 'n Psalm van Dawid. Die Here is my herder, ek kom niks kort nie. [2]Hy laat my rus in groen weivelde. Hy bring my by waters waar daar vrede is. [3]Hy gee my nuwe krag. Hy lei my op die regte paaie tot die eer van sy Naam. [4]Selfs al gaan ek deur donker dieptes, sal ek nie bang wees nie, want U is by my. In u hande is ek veilig. [5]U laat my by 'n feesmaal aansit, terwyl my teëstanders moet toekyk. U ontvang my soos 'n eregas, ek word oorlaai met hartlikheid. [6]U goedheid en liefde sal my lewe lank by my bly en ek sal tuis wees in die huis van die Here tot in lengte van dae. (1983 vertaling)

**Psalm 23:**[1] 'n Psalm van Dawid. Die HERE is my herder; niks sal my ontbreek nie. [2]Hy laat my neerlê in groen weivelde; na waters waar rus is, lei Hy my heen. [3] Hy verkwik my siel; Hy lei my in die spore van geregtigheid, om sy Naam ontwil. [4] Al gaan ek ook in 'n dal van doodskaduwee, ek sal geen onheil vrees nie; want U is met my: u stok en u staf dié vertroos my. [5] U berei die tafel voor my aangesig teenoor my teëstanders; U maak my hoof vet met olie; my beker loop oor. [6] Net goedheid en guns sal my volg al die dae van my lewe; en ek sal in die huis van die HERE bly in lengte van dae. (1953 Vertaling)

**Sakramente van die alledaagse**

Ps. 23 Dit is so 'n bekende Psalm dat 'n mens dit van buite kan opsê. En wat jy só goed ken, maak kwalik meer 'n indruk. Dink maar aan die bekende Psalms wat ons dikwels sing. 'n Mens kan hulle sing sonder om te dink. Trouens, jy kan aan ander dinge dink terwyl jy "heerlik" saamsing. Daarom is dit seker goed as 'n mens die Psalm 'n keer uit 'n ongewone hoek bekyk. As 'n mens 'n keer doodgewoon na die beelde kyk wat hier gebruik word.

Dit gaan hier om 'n herderstaf met sy krom bopunt. Dit gaan om 'n soort knuppel. Dit gaan om gras en water. En sommige meen ook dat die laaste twee verse van die Psalm die skaapstal van die tyd as agtergrond het, die stal met sy reuk van verrottende strooi. Dis heel alledaagse dinge. Soos die diep skeur langs die pad van die skape (die dal van doodskaduwee) 'n doodgewone verskynsel is vir die skaapwagter in Palestina. Dood alledaagse dinge waarmee 'n skaapwagter te make het gedurende die vervelige dae daar tussen Palestina se wit heuwels. Maar in sy nadenke oor God, in sy nadenke oor sy lewe, word hierdie alledaagse dinge vir die digter sakramente, simbole, van God se sorg vir hom. Die krom staf word 'n teken van God se sorg, die skeur langs die pad die gevaarsone van sy eie lewe. Die waterpoel en die groen gras God se voorsienigheid. En die stal met sy strooi die tempel van die Here. Miskien kan ons alledaagse gesloof met die kospotte en die penne en potlode ook weer interessant word as ons dit as sakramente beskou.

**Dag 5: Die uitdaging: Om die Bugis van Indonesië te wen**

PROKLAMASIE: Jesus is die Weg, die Waarheid en die Lewe (Joh. 14:6)

Indonesië bestaan uit 17 508 eilande, met 'n geskatte bevolking van 234 694 000. Dit het die grootste Moslembevolking ter wêreld: 86,1% Moslems, Christene 8,7%, Hindoes 1,8%, ander 3,4%. Die Bugis het 'n reputasie as fanatiese Moslems met 'n geskiedenis van wrede vervolging van Christenminderhede. Hulle is ook betrokke by animistiese geestelike praktyke, soos om krag by die geeste van dooies te vra ensovoorts.

- Bid dat minstens 1 000 Bugis vanjaar vir die Here gewen sal word.
- Bid dat die struikelblokke van Islam en okkultiese praktyke onder die Bugis oorkom sal word.
- Bid vir meer Indonesiese werkers wat groot opofferende geloof sal hê om God se koninkryk op te bou. Mag finansiële kwessies nie hulle aandag van hulle bediening aflei nie.

## Dag 6 op Saterdag 6 September 2008

**Lees Psalm 27** Van Dawid. Die Here is my lig en my redder, vir wie sou ek bang wees? Die Here is my toevlug, vir wie sou ek vrees? [2]As misdadigers op my afstorm om my dood te maak, my teëstanders en my vyande, dan is dit juis húlle wat struikel en val. [3]Al sou 'n leër teen my stelling inneem, sal ek nie bang word nie. Selfs al sou die aanval op my begin, sal ek nog steeds vertroue hê. [4]Net een ding het ek van die Here gevra en dit sal ek najaag: dat ek my hele lewe lank in sy huis mag woon om sy goedheid te belewe en daaroor na te dink in sy tempel. [5]Op die dag van gevaar sal die Here my wegsteek in sy huis, my veilig laat skuil in sy woonplek, my hoog op 'n rots laat staan; [6]ek sal in sy woonplek onder trompetgeklank my offers bring, ek sal 'n lied sing, ek sal sing tot die eer van die Here terwyl ek neerkyk op die vyande rondom my. [[5] Want Hy steek my weg in sy hut in die dag van onheil; Hy verberg my in die skuilplek van sy tent; Hy verhef my op 'n rots. [6] En nou sal my hoof hoog wees bo my vyande rondom my, en ek wil in sy tent offerandes offer saam met trompetgeklank; ek wil sing, ja, psalmsing tot eer van die HERE.:[7] Hoor, o HERE, ek roep luid; en wees my genadig en antwoord my.(1953 vertaling)]
[7]Luister tog na my, Here, as ek roep; wees my genadig en verhoor my gebed. [8]Ek onthou wat U gesê het: "Julle moet My kom dien!" Ek is hier om U te dien, Here.
[9]Moet U tog nie vir my verberg nie, moet my tog nie wegstuur terwyl U toornig is nie, want U was nog altyd my hulp. Moet my tog nie verstoot en verlaat nie, want U alleen is die God wat my red. [10]Al sou my vader en my moeder my verlaat, die Here sal my onder sy sorg neem.
[11]Leer my u wil, Here, en lei my op 'n gelyk pad sodat my vyande nie hulle sin kry nie.
[12]Moet my tog nie oorgee aan die venyn van my teëstanders nie, want daar staan vals getuies teenoor my en hulle blaas geweld teen my aan. [13]As ek darem nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sal sien in die land van die lewendes nie…! [14]Vertrou op die Here!
Wees sterk en hou goeie moed! Ja, vertrou op die Here!

**Geborgenheid**

Ps. 27 Ons lewe meestal 'n lewe van angs. Ons is bekommerd oor more. As dit nie oor geld is nie, is dit oor die oes. En as dit nie die oes is nie, is dit die kinders, of die politieke toestande of die haat in die wêreld en die geknoei van mense. Daar is voortdurend dinge wat aan ons senudrade rem. En dit is verstaanbaar, want die lewe is geen grap nie. Dis geen paadjie van rose elke dag nie. Die lewe *is* gevaarlik. En die haat en bedrog van mense *is* 'n werklikheid.
Die Psalmis waarmee ons hier te make het, maak ook geen geheim daarvan dat hy benoud is nie. Selfs sy vader en moeder laat hom in die steek. Hy is nie net bang nie, hy is ook nog alleen. Maar tog kry hy dit reg om te sê: Ek sal nie vrees nie. Hy sal nie kop verloor nie. Want hy vertrou. En sy vertroue? Waar kom dit vandaan? Dit kom uit 'n gesprek met God oor God. "Die Here is my lig en my heil ... Hy steek my weg in sy hut ... en nou sal my hoof hoog wees ... ek wil sing ... Hoor, O Here, ek roep luid ... antwoord my!" Dit kan ons vandag ook sekerlik doen. Ons kan dit ook 'n keer vir onsself hardop sê: "Die Here is my heil, Hy steek my weg in sy hut. Hoor my, O Here! O, as ek nie geglo het dat ek die goedheid van die Here sou sien nie ... "Dit sal ook 'n gebed wees as jy met God oor God praat en jou geloofsbelydenis vir jouself opsê. Dit hoef nie net Sondae in die kerk te gebeur nie...

**Dag 6: Oorlewing in Toerkmenistan, Sentraal-Asië**

PROKLAMASIE: Elke knie sal buig en elke tong erken dat Jesus Christus die Here is (Fil. 2:10-11)

Toerkmenistan is die vyfde grootste verskaffer van natuurlike gas wêreldwyd, tog is ongelykheid aan die orde van die dag en die meeste inwoners van die gebied sukkel om te oorleef. Aan die begin van 1998 is byna alle sendelinge deur die regering van Toerkmenistan verban. Huisgroepbyeenkomste van enige aard is verbode en mense wat geloofsbyeenkomste in die geheim bywoon, loop die risiko om hulle huis

en werk te verloor as hulle betrap word. Desondanks hou die kerk stadig aan met groei. Die bestaande Nuwe Testament in die taal van Toerkmenistan moet hersien word om foute te korrigeer en dit meer eietyds te maak. Die vertaling van die Ou Testament is nog nie afgehandel nie.

• Bid vir die hersiening van die Nuwe Testament en die voltooiing van die Ou Testament in die taal van Toerkmenistan.

• Bid vir die nuwe President, Gurbanguly Berdymuhamedov, wat in die weë van sy voorganger volhard, dat God sy hart sal aanraak en sy lewe sal verander.

## Dag 7 op Sondag 7 September 2008

**Lees Psalm 29** ’n Psalm van Dawid. Prys die Here, julle hemelinge! Prys die Here om sy eer en mag! [2]Prys die Here om die eer van sy Naam! Buig voor die Here by sy heilige verskyning! [3]Die stem van die Here weerklink oor die waters. Dit is die magtige God wat die weer laat dreun; die Here self is op die groot waters! [4]Die stem van die Here is magtig, die stem van die Here is vol majesteit. [5]Die stem van die Here kloof die seders van die Libanon oop. [6]Hy laat die Libanon bokspring soos ’n kalf en die Sirjon soos ’n jong bees. [7]Die stem van die Here laat weerlig uitslaan. [8]Die stem van die Here laat die woestyn bewe. Die Here laat die Kadeswoestyn bewe. [9]Die stem van die Here laat die wildsbokke ruk van skrik; dit stroop die bosse kaal. In sy paleis roep almal uit: “Hoe geweldig!” [10]Die Here heers oor die watermassas, Hy heers vir altyd as koning. [11]Die Here gee krag aan sy volk; die Here seën sy volk met oorvloed.

**Om in mites te dink**

Ps. 29 By die woord "mite" skrik die meeste mense. Want dit is vir hulle sinoniem met onwaar, oneg, of selfs lasterlik. Intussen is daar talle mitiese motiewe in die Bybel te bespeur. Hierdie Psalm maak ruimskoots daarvan gebruik.

Baäl, die god van die Kanaaniete, is altyd voorgestel as 'n god wat op die wolke ry. In sy hande hou hy dan 'n knuppel en 'n spies: die een om die donder voor te stel en die ander om die weerlig voor te stel. As die donderweer brul, dan is dit Baäl wat praat. Nog 'n god, El, het by die oorspronge van die oerwaters gewoon en was die oppergod van alle Kanaanitiese gode.

Die Psalmdigter het daar niks van gedink om al hierdie voorstellings en motiewe uit die mitologie te gebruik nie. In die Psalm word God die een wat op die wolke ry en die donderweer voortbring en die blitse laat neerslaan (29: 3-9). Hier word God die een wat oor die oerwaters troon (29: 10). En met hierdie beelde en motiewe word die grootheid en heerskappy van God besing. Uiteindelik se dit alles: "Die Here sit as Koning tot in ewigheid!" God is groot genoeg, God is werklik genoeg, om die mites te oorleef en die plek van die afgode daar in te neem. Daarom kan die Psalm ook in 'n geloofsbelydenis uitmond: Die Here sal sy volk krag gee. Kan ons só groot dink van God? Hoekom is ons dan so bang vir "mites"?

**Dag 7: Uitdagings vir nuwe Gelowiges**

PROKLAMASIE: Op hierdie berg sal Hy (God) die doek verwyder, die doek wat oor al die volke gegooi was, waarmee al die nasies toegemaak was (Jes. 25:7)

Nuwe Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond het baie vrae en daarby ervaar hulle ook intense sielkundige druk. Dit sluit o.a. vrees in vir Allah, dat hy hulle sal straf as hulle van geloof verander en ook vrees vir hulle gesinne en familie of gemeenskappe en die dood. Hulle kry emosioneel swaar oor moeilike keuses, veral wanneer die wet teen hulle is of wanneer Gelowiges nie diegene vertrou wat tot geloof kom nie. Sommige ondervind dus verwerping deur beide hulle gemeenskap en die Liggaam van Christus.

- Bid vir kulturele sensitiwiteit en respek by Gelowiges wanneer hulle met Gelowiges uit 'n Moslemagtergrond omgaan.
- Bid dat hele gesinne hulle tot Christus sal bekeer, veral diegene wat invloedryke posisies beklee, sodat baie meer deur hulle getuienis geraak sal word.

## Dag 8 op Maandag 8 September 2008

**Lees Psalm 32** ’n Gedig van Dawid. Dit gaan goed met die mens wie se oortredings nie gestraf word nie, wie se sonde vergewe word. [2]Dit gaan goed met die mens vir wie die Here die oortreding nie toereken nie en in wie se gees daar geen valsheid is nie. [3]Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer soos ek heeldag om hulp geroep het. [4]U hand het dag en nag swaar op my gedruk, my krag het opgedroog soos water in somerhitte. Sela [5]Toe het ek my sonde bely, my oortreding nie weggesteek nie. Ek het gesê: “Voor die Here bely ek my opstandigheid;” en U het my skuld vergewe. Sela [6]Dit is waarom elke gelowige in ’n tyd van nood tot U bid; selfs vloedwaters sal hom nie skielik oorval nie. [7]U is vir my ’n skuilplek, U beskerm my teen aanvalle, U laat my oorwinningsliedere sing. Sela [8]Ek wil jou onderrig en jou die pad leer wat jy moet volg. Ek wil jou raad gee en my oog oor jou hou. [9]Moenie onverstandig wees nie, soos ’n perd of ’n muil wat met ’n stang in die bek beteuel moet word as jy hom wil lei. [10]Die goddelose het baie smarte, maar wie op die Here vertrou, dié omvou Hy met sy liefde. [11]Verbly julle in die Here en juig, regverdiges, jubel, alle opregtes.

**Belydenis**

Ps. 32 Die mense van die Ou Testament was reguit mense. Hulle kon God in die rede val. Hulle kon met God knibbel as dit moet. Maar hulle was klaarblyklik ook eerlike mense. Hulle het nie gehuiwer om hul misnoeë te ken ne te gee nie. Maar hulle het ook nie gehuiwer om hul skuld te erken nie. Soos hulle eerlik en reguit en uitvoerig was om hul nood en bekommernis te kenne te gee, so was hulle eerlik en reguit en uitvoerig oor hul sonde. Ons is daar anders. Ons sou miskien nog die geleentheid aangryp om God uitvoerig in die rede te val of om uitvoerig met God te knibbel. Maar net maar heel aan die einde van die gebed voeg ons 'n haastige sinnetjie in: "Vergewe ook my sonde. Om u Naam ontwil. Amen." Maar is dit werklik belydenis? In die Psalm gebeur dit anders. Daar was 'n tyd wat die digter ook maar sy skuld vir God wou wegsteek. Maar nou kom hy met die hele saak voor 'n dag: "Toe ek oor my sonde geswyg het, het my liggaam uitgeteer...my krag het opgedroog soos water in somerhitte " Dit moet God ook hoor. Nou wil hy die hele storie aan die Here kom vertel. En hy is weer nie bang nie. Want: " U is'n skuilplek vir my ... U omring my met vrolike gesange van *bevryding." (1953 Vertaling).* As ons maar so 'n Vader gehad het! As ons maar so oor God kon dink. Dit is die God van die Bybel. So is ons Vader.

**Dag 8: Ghana: Vreedsaam ten spyte van geloofs- en ekonomiese verdeeldheid**

PROKLAMASIE: Ek (Christus) het gekom sodat hulle die lewe kan hê, en dit in oorvloed (Joh. 10:10)

Islamitiese lande het 'n groot bedrag geld daarin belê om Islam na verskeie etniese groepe te neem. 'n Vesting van Islam in Ghana is die stad Wa in die noordweste van die land. Die meeste van die inwoners is Moslemhandelaars. Die Gelowiges in Wa het egter wel verlede jaar 'n paar mense na Jesus gesien kom. Die afgelope dekade het die Christene uit die suide van Ghana meer as 1 400 kerke in die noordelike dele van die land geplant.

- Bid vir die Ghanese wat probeer om Christus aan die Moslems bekend te stel.
- Bid dat die mense van Wa ontvanklik sal word vir die evangelie en dat nuwe Gelowiges moedig sal wees en in hulle geloof sal groei sodat ander daardeur bereik kan word.

## Dag 9 op Dinsdag 9 September 2008

**Lees Psalm 37** Van Dawid. Moet jou nie ontstel oor skelms en jou kwel oor skurke nie, [2]want soos gras vergaan hulle gou en soos groenigheid verdwyn hulle sommer. [3]Vertrou liewer op die Here en doen wat goed is, woon en werk rustig voort. [4]Vind jou vreugde in die Here, en Hy sal jou gee wat jou hart begeer. [5]Laat jou weg aan die Here oor en vertrou op Hom; Hy sal sorg. [6]Hy sal jou onskuld laat deurbreek soos die son, jou reg soos die helder lig van die middag. [7]Daarom moet jy in stilte op die Here vertrou en jou nie ontstel oor die voorspoedige lewe van 'n skelm nie. [8]Moenie kwaad word nie, laat staan die woede, moet jou nie ontstel nie: dit bring net ellende. [9]Die skelms sal uitgeroei word, maar dié wat hulle vertroue in die Here stel, sal in besit bly van die land. [10]Nog 'n rukkie en daar sal geen goddelose meer wees nie; 'n mens sal hom soek waar hy was, maar hy sal nie daar wees nie.
[11]Dié wat nou verdruk word, sal die land besit en hulle verlustig in hulle welvaart. [12]Die goddelose soek die ondergang van die regverdige en bedreig sy lewe. [13]Die Here lag vir die goddeloses, want Hy sien hulle dag kom. [14]Die goddeloses trek die swaard en span die boog om die hulpelose en die arme dood te maak, om dié wat die regte pad loop, te vermoor. [15]Die goddeloses se swaarde sal hulle eie harte tref en hulle boë sal stukkend gebreek word.

**Om te swyg**

Ek het al baie gewens om iets van die onderskeidingsvermoe van die mense van die Ou Testament te. hê. Hulle het geweet wanneer om God in die rede te val, wanneer om met Hom te knibbel, wanneer om uitvoerig hul skuld te bely, en wanneer om te ... swyg.

Maar dit lyk my tog asof hulle nie by tye die een en by tye die ander ding gedoen het nie. Hul vertroue in God, hul gemeensaamheid met God, het 'n verhouding gebring waarin dit nie saak maak watter ding jy op watter dag doen nie. As hulle die dag opstandig gevoel het, het hulle uiting daaraan gegee. As hulle skuld voel druk het, het hulle God daarvan vertel. As hulle gevoel het om liewer te swyg, het hulle geswyg. Want hulle het God vertrou. Hulle het geweet dat God daar is, dat Hy hul Vader is en dat hy daarom sal sorg.

Die digter van hierdie Psalm het dit sy lewenshouding gemaak om God die leisels te gee: Laat jou weg aan die Here oor (37: 5), vertrou in stilte op die Here (37 : 7), wag/vertrou op die Here (37: 34). Maar die lewenshouding het 'n bepaalde konteks in die Psalm. Dit gaan hier om die goddelose mense. Jy moenie God se oordeel oor hulle afbid nie. Laat dit maar aan God oor. Kry geduld met die onregverdigheid-in-jou-oë. Sal ons dan nie ook vandag iets van die swygsaamheid kan beoefen nie? En God meer vertrou? En liewer vir ons vyande en ongelowiges bid nie?

**Dag 9: Moslems in Hong Kong**

PROKLAMASIE: Die grootheid, krag, glans, roem en majesteit behoort aan die Here (1 Kron. 29:11)

Hong Kong (7 miljoen mense) word dikwels die "Pêrel van die Ooste" genoem. Dit bestaan uit Hong Kong-eiland en 'n aantal geassosieerde gebiede aan die kus van Sjina. Hong Kong se Moslembevolking sluit in 90 000 inheemse Hong Kongbewoners (Sjinese, Indiërs, Pakistani's, Maleisiërs ens.) en ongeveer 110 000 Indonesiese trekarbeiders. Plaaslike Sjinese Gelowiges het dikwels met die Indonesiërs bevriend geraak en so het verskeie nuwe gemeentes van Gelowiges ontstaan.

- Dank God vir elke persoon in Hong Kong wat na Christus gekom het.
- Bid dat Sjinese Gelowiges in Hong Kong selfs nog meer vriende vir Christus onder Moslems sal maak. Vra dat meer Sjinese Gelowiges gewillig sal wees om Indonesiese tale te leer ten einde Christus te verkondig.
- Bid dat baie Christene wat Moslems gehuur het om in hulle huise te werk, hulle billik sal behandel en Christus sodoende deur hulle daaglikse lewe sal verkondig.

## Dag 10 op Woensdag 10 September 2008

**Lees Psalm 42** Vir die koorleier. ’n Gedig van die Koragiete. [2]Soos ’n wildsbok smag na waterstrome, so smag ek na U, o God. [3]Ek dors na God, na die lewende God. Wanneer kan ek gaan en voor God verskyn? [4]Dag en nag is ek in trane, want sonder ophou sê hulle vir my: “En waar is jou God nou?” [5]As ek my lewe voor my laat verbygaan, dink ek daaraan hoe ek opgetrek het na die woonplek van God, voor ’n skare uit na sy huis toe geloop het met gejuig en lofsang— ’n skare wat feesvier. [6]Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom ’n loflied sing. Hy is my helper [7]en my God! Uit my vertwyfeling roep ek na U hier van die Jordaangebied, van Hermonberg, van die Kleinberg af [8]waar die waters teen mekaar raas en u waterstrome bruis. U het golf na golf oor my laat slaan. [9]Tog sal die Here weer op ’n dag sy trou laat blyk en sal ek selfs in die nag ’n lied vir Hom sing, ’n gebed tot die God van my lewe. [10]Ek wil vir God sê: “My Rots, waarom het U my vergeet? Waarom moet ek gebuk gaan onder die smaad van die vyand?” [11]Dit sny deur my hele wese as my teëstanders my spot en dag na dag vir my sê: “En waar is jou God nou?” [12]Waarom is ek so in vertwyfeling en waarom kerm ek so? Vertrou op God! Ja, ek sal weer vir Hom ’n loflied sing. Hy is my helper en my God!

**Kreet**

Ps. 42 'n Mens kan jou altyd verwonder aan die Ou-Testamentiese gelowiges. In hierdie Psalm gaan dit klaarblyklik om een wat erg geteister word. Waarmee, is nie duidelik nie, maar dit is in elk geval iets heel grondigs. Iets wat veroorsaak dat die ongelowiges vir hom kan sê: Waar is jou God? Dit herinner enigsins aan die gesprekke random die middelste kruis van Golgota: "Wag, laat ons sien of Elia kom om Hom te help!" Die gelowige van die Psalm het dus nie alleen te make met sy probleem waarom hy gespot word nie. Vir hom is die gespot veel erger. Dit is vir hom soos 'n dolksteek elke keer as hy dit moet aanhoor (42: 11). Hy weet dat God daar is. Hy weet dat God anders is as wat sy spotters vermoed. Maar waarom talm God dan? Tog word hy nie moedeloos nie. Hoewel hy God smeek om Hom tog nie te onttrek nie, om tog gou te maak (42: 10), bely hy sy geloof teenoor homself (42: 6, 12). Hy koester nie wraak nie. Alleen verlang hy na God, die God wat hy met sy lewe vertrou. Sy vorige godsdienstigheid en vroomheid word nie vir hom sinloos in die aangesig van sy huidige probleem nie. Daarom dink hy terug aan sy ywerige deelname aan die optogte in die feeste (42: 5).
Dit moet 'n geoefende geloof wees om onder sulke omstandighede nog te *dors* na God. Daarvoor kan ons God vandag maar vra.

**Dag 10: Moslems in antieke Beijing**

PROKLAMASIE: Jesus is die Here van die heersers en die Koning van die konings (Openb. 17:14)
Beijing (vir meer as 850 jaar as die hoofstad van Sjina beskou) is die hoofstad van die Volksrepubliek van Sjina en is meer as 3 000 jaar gelede gestig. Daar is groot toewyding aan Islam onder die Hui. 'n Bietjie meer as 11 000 Hui's woon in die omgewing van die Niujie-straat in sentraal-Beijing in 'n gebied van 1,5 vierkante km rondom die beroemde Niujie-moskee, die grootste en oudste moskee in Beijing. Daar is oor die algemeen baie min indien enige Christelike getuienis teenoor die Hui Moslems. Sover bekend is daar geen Gelowiges onder die Moslem Hui in Beijing nie.

- Vra God om deure oop te maak vir Sjinese Gelowiges om Christus aan Moslems te verkondig.
- Bid dat Moslem Hui-mense in die Beijing-gebied na die ware God sal begin soek.
- Bid dat Sjinese Gelowiges suksesvol sal wees om die Moslembevolking in hulle midde te bereik.

HET JY GEWEET: Belydende Moslems dwarsoor die wêreld bid vyf keer per dag gememoriseerde rituele gebede in die rigting van Mekka. Dit word op vasgestelde tye gedoen wat voortdurend met 'n paar minute elke dag verskuif na gelang van die kalender. Hier is die gebedstye vir Beijing vandag: 05:50; 12:11; 16:41; 18:32 en 20:02. Party mense sal 'n opsionele sesde keer bid, om 04:09.

## Dag 11 op Donderdag 11 September 2008

**Lees Psalm 46** Vir die koorleier. Van die Koragiete. Op die wysie van "Jong Vroue". 'n Lied.
[2]God is vir ons 'n toevlug en 'n beskerming; Hy was nog altyd bereid om te help in nood.
[3]Daarom is ons nie bang nie, al gee die aarde pad, al skuif die berge tot in die dieptes van die see, [4]al druis en skuim die waters van die see, al skud die berge deur sy onstuimigheid. Sela
[5]Oor die strome van die rivier is daar blydskap in die Godstad, in die heilige woning van die Allerhoogste. [6]God is daar; die stad sal nie wankel nie. God sal hom help nog voor die môre kom. [7]Nasies kan raas en koninkryke wankel, maar as God sy stem laat hoor, smelt die aarde weg. [8]Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting. Sela
[9]Kom kyk wat die Here gedoen het, watter ontsettende dinge Hy op die aarde tot stand bring:
[10]die oorloë oor die hele aarde laat Hy ophou, pyle en boë verbreek Hy, spiese slaan Hy stukkend, oorlogswaens verbrand Hy met vuur. [11]Bedaar en erken dat Ek God is, hoog bo die nasies, hoog bo die aarde. [12]Die Here, die Almagtige, is by ons, die God van Jakob is vir ons 'n beskutting. Sela

**Mespunt**

Ps. 46 Psalm 46 is 'n mooi Psalm, maar dit is ook 'n uiters gevaarlike Psalm. Basies is dit 'n vertrouenspsalm. Daarom begin dit ook met: *God* is 'n toevlug en 'n sterkte. As hulp in benoudheid is Hy in hoe mate bepraef. Maar in die geskiedenis van Israel is Jerusalem - of Sion - met verloop van tyd feitlik met God geidentifiseer. Die mense het later begin glo dat God met hulle sal wees solank Sion daar is en solank die tempel staan. Daardie geloofsmoontlikheid word reeds in hierdie Psalm ingebou.
In Psalm 29 het ons gesien dat God met mitologiese beelde geteken word as die Een wat oor die oerwaters sit. In Psalm 46 word die setel van God-reeds met Jerusalem gelykgeskakel (46: 5, "die Godstad "). Die eerste beginpunte van die geloof dat Jerusalem onneembaar is, staan ook al hier duidelik uit (46: 6-7). Hierdie meer ideologiese trekke kom nog duideliker na vore in Psalm 48: 2-6. Dit sou uiteindelik lei tot die blinde geloof van die mense in die tyd van Jeremia (vlg. Jer. 7: 4). Toe Jeremia hulle teen die geloof waarsku, het hulle hom van allerlei dinge verdink en hom uit die weg probeer ruim.
Om God te vertrou, is goed. Maar om God met die saak van jou eie belang - jouself of jou volk of jou staat - gelyk te skakel, is uiters gevaarlik.

**Dag 11: Die Ismaeli's en hulle leier**

PROKLAMASIE: Die aarde behoort aan die Here (Ps. 24:1)

Prins Karim Aga Khan IV voer sy voorgeslag terug tot by die profeet Mohammed deur die lyn van Ali en Fatima, die profeet se dogter. Die Aga Khan se 18 miljoen volgelinge woon in meer as 25 lande. As Imam en geestelike leier van die Sjiïtiese Ismaeli's het hy volkome gesag oor sy volgelinge. Die familieband onder die Ismaeli-gemeenskap is baie sterk.

- Bid vir Prins Karim en sy familie, dat hulle almal visioene en drome van Jesus Christus sal hê en hulle denke volkome sal verander.
- Bid vir 'n geestelike honger by die Ismaeli's, dat hulle lewe in Christus sal ontdek.
- Bid vir dapperheid en sensitiwiteit vir die paar Ismaeli-gelowiges wat meesal uitgesluit is uit die gemeenskap en soms uit hulle families ook.

## Dag 12 op Vrydag 12 September 2008

**Psalm 51:**[1] Vir die musiekleier. ‘n Psalm van Dawid, toe die profeet Natan na hom gekom het, nadat hy by Bátseba ingegaan het. Wees my genadig, o God, na u goedertierenheid; delg my oortredinge uit na die grootheid van u barmhartigheid. [2] Was my heeltemal van my ongeregtigheid en reinig my van my sonde. [3] Want ék ken my oortredinge, en my sonde is altyddeur voor my. [4] Teen U alleen het ek gesondig en gedoen wat verkeerd is in u oë, sodat U regverdig kan wees as U spreek, rein as U gerig hou. [5] Kyk, in ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang. [6] Kyk, U het ‘n welgevalle aan waarheid in die binneste, en in die verborgene maak U aan my wysheid bekend. [7] Ontsondig my met hisop, dat ek kan rein wees; was my, dat ek witter kan wees as sneeu. [8] Laat my vreugde en blydskap hoor; laat die gebeente juig wat U verbrysel het. [9] Verberg u aangesig vir my sondes en delg uit al my ongeregtighede. [10] Skep vir my ‘n rein hart, o God, en gee opnuut in die binneste van my ‘n vaste gees. [11] Verwerp my nie van u aangesig nie en neem u Heilige Gees nie van my weg nie. [12] Gee my weer die vreugde van u heil, en ondersteun my deur ‘n gewillige gees. [13] Ek wil die oortreders u weë leer, dat die sondaars hulle tot U kan bekeer. [14] Red my van bloedskuld, o God, God van my heil! Laat my tong u geregtigheid uitjubel. [15] Here, open my lippe, dat my mond u lof kan verkondig. [16] Want U het geen lus in slagoffer nie, anders sou ek dit gee; in brandoffer het U geen behae nie. [17] Die offers van God is ‘n gebroke gees; ‘n gebroke en verslae hart sal U, o God, nie verag nie! [18] Doen goed aan Sion na u welbehae; bou die mure van Jerusalem op. [19] Dan sal U ‘n welbehae hê in die offers van geregtigheid, in brandoffer en voloffer; dan sal hulle stiere offer op u altaar.

Weer: belydenis
Ps. 51 Die Psalmbundel is vol skuldbelydenisse. Psalm 51 is ook so 'n belydenis, maar hier is 'n heel merkwaardige belydenis. Dit gaan - volgens die opskrif van die Psalm - oor 'n man wat sy naaste se vrou afgerokkel het. In ons tyd is dit iets alledaags. Maar hier gaan dit ook nog om 'n man wat sy posisie gebruik het om die vrou in die hande te kry. In ons dag is dit amper so 'n baas-en-sekretaresse-affêre. Oor die vergryp het die digter berou. Maar is dit wat hy bely?
Hierdie een daad wat hy gepleeg het, oorspan vir hom sy *hele* lewe: "In ongeregtigheid is ek gebore, en in sonde het my moeder my ontvang." Daar was in sy hele geskiedenis nog nooit 'n dag waarvan gese kon word: Dit is mooi en goed nie. Sy lewensgeskiedenis is 'n onheilsgeskiedenis. Hy is deurtrek van die sonde. Dit gaan nie maar om 'n geïsoleerde daad nie. Dit gaan oor 'n menslike trek. Die ou mense het gesê: Van nature geneig om God en my naaste te haat. Of ons ons oortredinge in so 'n ernstige lig kan sien? Vergoelik ons nie maar meestal die verkeerde dinge wat ons doen nie? Ons het mos vir alles 'n rede. Maar hierdie digter vra: ont-sondig my. Trek die sonde uit my sisteem. Ek kan nie langer skynheilig wees nie. En hy durf God vra: "Verberg u aangesig vir my sonde!" Maak tog asseblief of u dit nie sien nie. Hy kan, want die Regter is sy Vader.

**Dag 12: Kairouan: Oudste Islamitiese stad in Noordwes-Afrika**

PROKLAMASIE: Hef op julle hoofde, o poorte, dat die Erekoning kan ingaan! (Ps. 24:7)

Kairouan (ongeveer 1 300 jaar oud) is geleë in Tunisië, 'n heilige stad vir die Moslems en derde op die ranglys naas Mekka en Medina (in Saoedi-Arabië) as 'n bestemming van pelgrimstogte. Baie Noord-Afrikane beskou Kairouan as die vierde heiligste stad van Islam. Hulle skool lei godsdienstige leiers (Imams) vir die hele Tunisië op. Die enkele mense in Kairouan wat die evangelie gehoor en daarop reageer het, worstel dikwels met persoonlike kwessies; sommige toon min geestelike groei, miskien deels te wyte aan die verborge geestelike invloede wat oor die stad heers.

• Bid dat die Moslems wat in Kairouan woon, drome en visioene oor Jesus Christus sal hê met hele families en groepe wat op 'n slag tot bekering kom.
• Sommige Gelowiges in Kairouan is oortuig dat God hulle gevra het om 'n banier van lofprysing oor die stad te laat verrys. Vra dat hulle getrou sal bly en dit sal doen.

## Dag 13 op Saterdag 13 September 2008

**Lees Psalm 62** Vir die koorleier. ’n Belydenis. ’n Psalm van Dawid. [2]Net by God vind ek rus, van Hom kom my redding. [3]Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek vas en stewig staan. [4]Hoe lank wil julle almal nog beskuldigings bly slinger en my probeer doodmaak, ’n man wat reeds is soos ’n muur wat wil omval, ’n klipmuur wat omgestoot word? [5]Hulle probeer my uitwerk; hulle skep behae in leuens; met die mond seën hulle, in die hart vervloek hulle. Sela [6]Net by God vind ek rus, want op Hom vertrou ek. (Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting! - 1953 Vertaling) [7]Net Hy is my rots en my redding, my veilige vesting, sodat ek stewig staan. [8]God is my redding en my krag. Hy is my rots, my sterkte, God is my toevlug. [9]Vertrou altyd op Hom, my volk, stort julle hart voor Hom uit! God is vir ons ’n toevlug. Sela [10]Mense is verganklik, mense is niks: op ’n skaal wys hulle geen gewig nie, saam is hulle minder as niks. [11]Moenie op geweld vertrou nie; roof sal jou niks in die sak bring nie. As jou rykdom toeneem, moenie dat dit jou te na aan die hart lê nie. [12]Een ding het ek God hoor sê, nee, twee: dat net God mag het [13]en ’n mens net op U, Here, kan vertrou, en dat U met elkeen handel volgens sy verdienste.

**Selfgesprek**

Ons vind dit deesdae snaaks as iemand met homself praat. Ons voel ook skaam as iemand ons betrap waar ons besig is om met onsself te praat. Ons gee 'n skamerige glimlaggie en maak verskoning. Maar dit is blykbaar nodig dat ons soms met onsself praat. Die mense van die Ou Testament het 'n woord gehad waarmee 'n mens jouself kon aanspreek. Ons 1953 vertalers het dit vertaal met: "my siel". Nou is dit seker nie die beste vertaling wat daar is nie. Maar hoe ook nou anders? Ons het net nie so 'n uitdrukking nie. Hierdie digter praat met homself. Mense is besig om sy lewe vir hom moeilik te maak. Sy lewe lê aan skerwe soos die klippe van 'n omgevalle klipmuur. Mense is skynheilig teenoor hom: Van buite seën hulle, maar van binne vloek hulle hom. En hy? Wat sê hy daaroor: "Wees net maar stil tot God, my siel, want van Hom is my verwagting. Sekerlik, Hy is my rots en my heil, my rotsvesting; ek sal nie wankel nie." Hy spreek sy vertroue uit. Hy bemoedig homself. Hy is sy eie sielsterapeut en sy eie gemoedsdokter. Miskien moet ons ook meer dikwels met onsself oor God praat. Want Hy is tog by ons. Toe Jesus opgevaar het, het Hy gese dat die Heilige Gees kom om *altyd* by ons te wees.

**Dag 13: Die Aimaq van Afganistan en Iran**

PROKLAMASIE: Daar is geen ander naam op die aarde aan die mense gegee waardeur God wil dat ons verlos moet word nie (Hand. 4:12)

"Aimaq" verwys na die mense wat in stamverband hier woon. Die stamkultuur is so oorheersend dat plaaslike gebruike en opvattings oor eer en skande belangriker is as Islamitiese of staatswette. Twiste word gewoonlik deur die stam- eerder as deur die staatsowerheid opgelos. Vroue in hierdie stam geniet buitengewone vryheid in vergelyking met ander vroue op die platteland van Afganistan. Die Aimaq is grotendeels ongeletterde Sunni Moslems. Daar is enkele indien enige volgelinge van Jesus onder die Aimaq. Verskeie Christelike radio-uitsendings is in Dari en Farsi gedoen, maar die impak is nie bekend nie.

• Bid tot God dat Hy elkeen van die geraamde 900 000 Aimaq-mense wat in Afganistan en Iran woon, sal aanraak. Vra dat alle struikelblokke en weerstand om hierdie mense met die evangelie te bereik net sal verkrummel.

• Vra vir die vertaling van die Skrif in plaaslike tale aangesien slegs vier van die 10 grootste etniese groepe in Afganistan oor gedeeltes van die Skrif in hulle moedertaal beskik.

• Vra asseblief dat Christelike uitsendings en die JESUS Film in hulle tale beskikbaar gemaak sal word, aangesien 85% Afgane moontlik nog nooit die evangelie gehoor het nie.

## Dag 14 op Sondag 14 September 2008

**Lees Psalm 69** [6]U weet hoe sondig ek is, o God, my verkeerde dade kan ek tog nie vir U wegsteek nie. [7]Here, almagtige God, moenie dat dié wat op U vertrou, deur my toedoen teleurgestel word nie. God van Israel, moenie dat dié wat by U hulp soek, deur my toedoen beskaam word nie. [8]Omdat ek op U vertrou, word ek beledig en verkleineer. [9]Ek het vreemd geword vir my broers, my familie wil my nie meer ken nie. [10]Omdat ek u huis liefhet, moet ek ly; die beledigings teen U het ook vir my getref. [11]Ek het gevas en gehuil en daarvoor net beledigings gekry. [12]Ek het rouklere aangetrek, maar hulle het met my gespot. [13]Die leeglêers in die stadspoort maak praatjies oor my, en dronklappe maak liedjies oor my. [14]My gebed is tot U gerig, Here, antwoord my tog gou, Here, antwoord my in u groot liefde, o God; u hulp staan vas. [15]Red my uit die modder, dat ek nie wegsak nie, laat my wegkom van my vyande af, weg uit die diep waters. [16]Moenie dat die stroom my meesleur en die diep water my insluk nie, en moenie dat hierdie put toegaan bokant my nie. [17]Antwoord my, Here, in u wonderlike liefde, verhoor my in u groot barmhartigheid! [18]Moet tog nie u dienaar alleen laat nie! Ek is in groot gevaar, antwoord my tog gou! [19]Kom red my lewe, bevry my van my vyande. [20]U weet hoe ek beledig en verkleineer is, hoe sleg ek daarvan afgekom het voor al my vyande.

**Wie is ek?**

'n Mens is gewoonlik gou om skuld op ander mense te pak. As ons 'n dom ding gedoen het, vind ons gou iemand wat vir die dom ding verantwoordelik is. As ons gefaal het, vind ons gou 'n ander wat vir die mislukking die skuld moet kry. Maar in die Psalm is dit anders. " Here, almagtige God, moenie dat dié wat op U vertrou, deur my toedoen teleurgestel word nie. God van Israel, moenie dat dié wat by U hulp soek, deur my toedoen beskaam word nie." Die bidder is self in groot moeilikheid. Hy word van alle kante bedreig en hy voel dat hy besig is om onder te gaan. Terwyl hy God om uitkoms smeek, bely hy sy *eie* skuld aan die situasie. Hy soek nie ander sondebokke nie. Inteendeel, hy is bang dat hy self dalk 'n struikelblok vir iemand anders kan word. Dat sy optrede in sy eie moeilikheid dalk iemand anders wat ook glo, in die skande kan steek. Of dat sy optrede dalk só kan wees dat iemand anders wat nog na God soek, skaam sal word dat hy ooit daarom kon dink om na God te gaan.
Miskien moet ons vandag wy aan so 'n stukkie selfondersoek. Miskien moet ons minder sondebokke soek en oppas dat ons nie dalk struikelblokke is nie. Hierdie mens van die Psalm was daaroor só bekommerd dat hy God vra om hom tog te help. Ons kan dit gerus ook maar doen.

**Dag 14: 'n Groot geleentheid in Bangkok**

PROKLAMASIE: Vertrou volkome op die Here en moenie op jou eie insigte staat maak nie. Ken Hom in alles wat jy doen en Hy sal jou die regte pad laat loop. (Spr. 3:5-6)

Die amptelike Moslembevolking van Bangkok, Thailand is 262 023 mense (2000 skatting). Daar is meer as 160 amptelik geregistreerde moskees in die stad. Moslems is geneig om nie te gaan woon in gebiede waar die inwoners hoofsaaklik Boeddhiste is nie. Omdat Bangkok so 'n enorme stad geword het, is daar egter baie plekke waar Moslems met nie-Moslems meng – selfs al verkies hulle om saam met ander Moslems te woon en te werk. Bangkok se Moslems praat meesal Thai en Moslemdienste oor die radio sluit Arabiese en soms Maleisiese voorlesings in.

- Bid dat baie Moslems in Bangkok sal besef dat die lewe nie oor 'n godsdiens gaan nie, maar oor 'n persoonlike verhouding met God deur die Messias(Joh.17:3).
- Bid dat Bangkok se Moslems die weg, die waarheid en die ewige lewe deur Jesus Christus sal vind.
- Bid dat Thai-gelowiges in staat sal wees om positiewe en voordelige vriendskappe met Moslems op te bou.

# 30 Dae Ramadan Gebed

HET JY GEWEET: Die Islamitiese geloof word uitgeleef volgens die vyf "hoofpilare", wat verpligte godsdienstige praktyke vir alle volwasse Moslems is:

1. Om die credo op te sê (shahada): "Daar is geen god behalwe Allah nie enMohammed is sy profeet."
2. Gebed (salat) – Vyf keer elke dag.
3. Om aalmoese te gee (zakat) – Beide verpligte en vrywillige gawes aan die armes.
4. Om te vas (saum) – Spesiaal gedurende die "heilige" maand Ramadan.
5. Pelgrimstogte (hajj) – Ten minste een maal in 'n leeftyd na Mekka.